# MEDIA RELEASE

10 Julie 2023

**Toyota kondig ’n magdom estetiese, veiligheids- en geriefsopgraderings vir Rumion aan**

Toyota Suid-Afrika Motors (TSAM) kondig met trots ’n aantal klein veranderinge aan sy gewilde mensedraer, die Rumion, aan. Sleutelverbeterings is op die gebied van passasiersveiligheid, geriefskenmerke sowel as buitestilering aangebring. Die opgraderings is onmiddellik vir die S- en SX-modelle beskikbaar, terwyl veranderinge in die vlagskip-TX eers in Augustus 2023 bekendgestel sal word.

Wat ’n ontwerp-oogpunt betref, het die verfrisde Rumion nou ’n swart sierrooster wat groter is as dié van die uitgaande model. Dit gee die motor ’n meer gebalanseerde en effens prominente voorkoms.

Veiligheidsverbeterings sluit voertuigstabiliteitsbeheer (VSC), sitplekgordelwaarskuwing en agterparkeersensors in die S-model in. Geriefskenmerke sluit in ’n hoogteverstelbare sitplekgordel voor terwyl die sitplekke in die derde ry in die S-model kan agteroorleun. ’n Skerm vir die klankstelsel met trukamera sowel as spoedbeheer en ’n middelkonsole-armleuning is by die SX-modelle gevoeg, terwyl die SX AT ook opdraande-wegtrekhulp kry.

Ondanks hierdie veranderinge behou die Rumion sy viersilinder-petrolenjin, sewesitplekuitleg en goeie grondvryhoogte. ’n Keuse van sewe buitekleure word aangebied, naamlik *Mystic Pearl White*, *Premier Liquid Silver*, *Azure Blue*, *Seal Grey Metallic*, *Autumn Blaze Red*, *Cedar Brown* en *Shadow Black Pearl*.

Alle Toyota Rumion-modelle gebruik die K15B-enjin van 1,5 liter, wat 77 kW ontwikkel en 138 Nm lewer. Die 5-gang-handratkas sowel as die outomatiese 4-gang-ratkas kan gekies word (afhangend van die modelgradering).

Die brandstofverbruiksyfer kom op 6,2 ℓ/100 km vir al twee ratkas-weergawes te staan. $CO_2$-uitlaatgasse is 146 en 147 g/km, terwyl die nuweling se topspoed aangehaal word as 175 en 170 km/h vir die handrat en outomatiese weergawe onderskeidelik.

**Modelreeks en pryse**

Rumion 1.5 S - R296 900

Rumion 1.5 SX MT - R331 600

Rumion 1.5 SX AT - R351 700

** Pryse- en spesifikasieveranderings vir TX-modelle (MT en AT) sal in Augustus 2023 aangekondig word.*

**Gemoedsrus**

’n Diensplan vir vier dienste of 60 000 km is standaard vir alle Rumion-modelle, met versieningstussenposes wat op 12 maande/15 000 km vasgepen is. ’n Waarborg van drie jaar/100 000 km is ook deel van die pakket. Klante kan ook bykomende diens- en waarborgplan-uitbreidings by hul naaste Toyota-handelaar by enige van die indrukwekkende 220 afsetpunte landwyd koop.

- Einde -

**Mzo Witbooi**
Bestuurder: Produkkommunikasie
Toyota Suid-Afrika Motors
011 809 2557
mwitbooi@toyota.co.za
www.toyota.co.za